



SAOU Noord-Kaap • Northern Cape

Posbus 110156 Hadisonpark 8306

☎ 053 832 2727

E-pos: saouk@saou.co.za

Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

04 April 2016

No: 7 van 2016

AANSTELLING VAN MNR HENK BRAND AS PROVINSIALE SEKRETARIS

Dit is aangenaam om aan te kondig dat mnr Henk Brand met ingang van 1 Mei 2016 aangestel is as Provinsiale Sekretaris van die SAOU Noord-Kaap. Mnr Brand is tans nog die Hoof van Hoërskool Noord-Kaap en sal die pos op 30 April 2016 ontruim. Hy word geluk gewens met sy nuwe loopbaanrigting in die geledere van die georganiseerde onderwysprofessie. Die SAOU is oortuig daarvan dat net soos met sy onderwysloopbaan, hy ook hom skitterend van sy taak sal kwyf by die SAOU en dat lede ongetwyfeld staat sal kan maak op voortreflike dienslewering.

Opregte dank en waardering word ook teenoor mnr Johan du Toit betuig vir sy dienslewering aan die SAOU Noord-Kaap gedurende die afgelope drie jaar en drie maande. Tydens hierdie tydperk het hy die pos van Provinsiale Sekretaris met groot onderskeiding gevul en sal die SAOU hom gewis mis. Mnr Du Toit was ook vir geruime tyd die Voorsitter van die SAOU Noord-Kaap en gevolglik is sy heengaan 'n gevoelige slag. Hy aanvaar 'n senior pos in die Noord-Kaap Departement van Onderwys en die SAOU wens hom vreugde en vrede toe met hierdie nuwe uitdaging.

Mev Hester Human, wat tans diens lewer in die kantoor van die SAOU Noord-Kaap, sal vir die tydperk 1 April . 30 April 2016 waarneem as Provinsiale Sekretaris. Sy word ook sterkte toegewens vir hierdie verantwoordelike taak.

ALGEMENE SALARISAANPASSING VIR 2016

Die Minister van DPSA het per direktief aangekondig dat die jaarlikse algemene salarisaanpassing vir 2016 miv 1 April aangepas is met 7.6%./ The Minister of DPSA announced in a directive that an annual general salary adjustment of 7.6% will be implemented wef from 1 April 2016.

SLOTGEDAGTE

“In the middle of every

difficulty

lies

opportunity.”

~Einstein~

